

Sondag 19 Julie

Skrifgedeelte: Psalm 64

Fokusgedeelte: Psalm 64:11

God gee oorwinning

Om jouself te bluf, is seker een van die mens se gunsteling tydverdrywe. Dit is daardie deel van die sondige mens wat so hardnekkig in ons bly vaskleef, die mens in sy natuurlike toestand.

Soos dit in Psalm 64 beskryf word, is dit 'n vyand. 'n Vyand wat aanval, wat probeer skade maak, seermaak, wat alles probeer wegsteek, want dink hy gaan met alles wegkom. Ons wil baie maklik net vingerwys na die ongelowiges en godsdienstig lou mense rondom ons, maar is ons nie baie keer self deel van die probleem nie? Ons dink ons kan enigiets wegsteek, enigiets verbloem met mooipraatjies.

In Psalm 64 roep God ons tot verantwoording. Ons moet stry, veral teen onself. Daardie sonde wortel en tak uitroei. Soos Paulus ook sê (Rom. 7:19): "Die goeie wat ek wil doen, doen ek nie, maar die slegte wat ek nie wil doen nie, dit doen ek."

So word Dawid ook deur hierdie hele proses geneem. Hy kyk eers vas teen sy omstandighede, teen sy eie swak natuur, en kom dan tot die besef dat hy in elk geval op sy eie niks beteken nie. Dit is in God se hande, God bring die ongeregtigheid tot 'n val. Deur God se krag kan ons selfs ons eie sondige natuur afsterf. Dan juig ons saam met Dawid: Laat die regverdige hom in die Here verbly en sy toevlug by Hom soek, laat al die opregtes Hom prys.

Ons kan staande bly, want God gee vir ons die genade, die verlossing, die regverdigheid in sy Seun en ons Here Jesus Christus. Deur die krag van die Heilige Gees word ons tot nuwe mense opgeroep en is nie meer slawe van ons sondige natuur nie, maar herskep in Christus.

Sing: Psalm 64-1:1, 7

Ds. SJL Linde (Lohan) (Pretoria Wonderboom-Suid)